

DIY 2021



Bou iets saam met jou kind

Bou jou eie braaiplek

Kry die regte tuingereedskap vir jou spogtuin

Reënwateropgaring vir jou huishouding: Doen dit self met JOJO

Watter gereedskap moet in jou gereedskapkis wees?

Orbit se sproeierontwerp is die geheim vir gholfbaan-gras in jou tuin

Going green with Flash

Behandel elektrisiteit met die nodige respek

Stukkende kragprop? Maak dit sommer self reg

Pas jou sekuriteit aan met Master Lock



vká****

vir die LIEFDE van die LAND

FDE van die LAND

BOU IETS

SAAM MET JOU KIND



deur Hannelie Cronjé

Hedendaagse tieners se lewe lyk drasties anders as toe hedendaagse ouers van tieners self tieners was. Die huidige sogenaamde vierde revolusie het ons kinders tot 'n groot mate van ons "gesteel", want dis asof hulle – indien daar nie uiters streng reëls hieroor in die huis is nie – permanent met 'n selfoon in die handpalm of voor hul rekenaarskerm vasgevang sit.

Jy hoor hoe lag en gesels hulle daar in die kamer met virtuele vriende, maar die oomblik as jy hulle roep om met huistake te help of te kom eet, kom daar twee bolkieste op bene aangestap.

Hoewel ons dit vir ons kinders gun om vriende en pret te hê, is daar talle ouers wat nie 'n punt daarvan maak om projekte saam met hul kinders aan te pak en só deel te word van die "vriende en pret"-gedeelte van hul kinders se lewe nie.

Uiteraard weet ons dat daar die aanvanklike teëstribbeling gaan wees, maar die spreekwoord "aanhouer wen" is nie uit die lug gegryp nie en is dalk juis in hierdie situasie van toepassing.

Na aanleiding van die boeke *Build it with Dad* en *Birdhouses & More* van AJ Hamler, 'n skrywer van talle houtwerkpublikasies, gebruik ons 'n artikel op die webblad <https://af.drafare.com/houtwerk-projekte-ouers-en-tieners-kan-saam-doen/> as basis vir hierdie artikel.

In eersgenoemde boek fokus Hamler op projekte wat pa's en hul kinders van alle ouderdomme betrek, en in laasgenoemde boek word daar instruksies gegee vir 'n verskeidenheid projekte wat ouers en tieners saam kan bou. Volgens die skrywer is enige aktiwiteit wat ouers en hul tieners saam doen, 'n goeie ding.

"Stap, reis, 'n gemeenskaplike sport, enigiets is pret en help om 'n verhouding te bou of te versterk. Aktiwiteite wat iets skep wat dividende lewer, duur baie lank nadat die aktiwiteit self beëindig is.

" 'n Houtwerkprojek, veral een waarin iets nuttig geskep word, soos 'n lessenaar of 'n boekrak of selfs 'n speelding, sal vir baie jare gebruik word. En elke keer as dit gebruik word, sal die herinneringe en gevoelens van die tyd wat julle saam aan die projek gewerk het, weer onthou en herleef word.

" 'n Paar jaar gelede het ek en my pa, wat self 'n bekwame houtwerker was, 'n groot kersieboom wat op sy eiendom omgeval het, opgesaag. Die helfte van daardie kersieboom is in my motor se kattedak saam met my huis toe.



"Hout saag is nou seker nie wat jy 'n houtwerkprojek sal noem nie, maar elkeen van ons het daardie hout gebruik en óf saam-saam óf afsonderlik verskillende projekte daarmee aangepak.

"My pa is nou al 'n tyd gelede oorlede, maar ek het nog steeds van daardie hout in my werkswinkel, en elke keer as ek dit of een van die items sien wat ons of ek uit daardie hout gemaak het, dink ek aan hom."

Volgens Hamler is projekte wat ideaal is om saam met jou tiener aan te pak, legio.

"Die projek moet egter, indien moontlik, ooreenstem met die tiener se vaardighede en ondervinding. Die beste projekte is dié wat dadelik nuttig is, soos die lessenaar of



boekrak wat ek vroeër genoem het, maar enige projek wat pret is om te maak, is 'n goeie keuse.

"As dit iets is wat die tiener wil hê of benodig, maar hy of sy het nie al die vaardighede om dit te kan maak nie, kan die ouer enigiets ingewikkeld in die proses hanteer en die dele wat die tiener se ervaring pas, aan hom of haar oorlaat. Net so, met die ouer wat die meer komplekse dele van die projek hanteer, is dit 'n perfekte tyd om nuwe vaardighede aan die tiener te leer.



"Natuurlik, as die ouer 'n ervare houtwerker is, is die moontlikhede vir die tipe en omvang van projekte die grootste, maar 'n ouer hoef nie 'n uitgebreide vaardigheidstel of 'n uitgebreide versameling gereedskap te hê om 'n paar indrukwekkende projekte te bou nie.

"As voorbeeld, ek het 'n piekniektafel gebou wat op die voorblad van 'n houtwerktydskrif verskyn het. Die tafel lyk wonderlik – en met die eerste oogopslag is dit ongelooflik moeilik om te maak, maar dit is regtig nie. Hoewel ek dit in 'n werkwinkel gemaak het met elke houtwerkgereedskap en -masjien wat jy jou kan voorstel, het jy nie regtig dit alles nodig nie, aangesien die tafel self geen ingewikkelde skrynwerk of prosedures benodig om dit te maak nie.

"Terwyl ek my werkwinkelmasjiene gebruik het om dit te bou, kon enigiemand die planne volg en die tafel maak met twee algemene stukke kraggereedskap wat hulle waarskynlik reeds besit: 'n boor en 'n nuttige sirkelsaag. "Geen moeilike vaardighede word vereis nie, maar die resultaat is baie indrukwekkend."

Indien jy onseker is oor die hoeveelheid spasie wat jy benodig, stel Hamler die volgende voor: "Werkwinkelruimte is wonderlik as jy dit het, maar al wat jy regtig nodig het, is genoeg ruimte om jou arms te kan beweeg. Die hoeveelheid nodige spasie hang van die projek af. Jy kan byvoorbeeld 'n voëlhokkie op die eetkamertafel bou. Vir 'n groter projek is 'n patio of oprit regtig al wat jy nodig het. Stel 'n paar bokkies en 'n blad op en jy het 'n werkwinkel." Die meeste van die gereedskap wat benodig word, is volgens Hamler reeds deel van jou versameling.

"Die basiese gereedskap wat nodig is vir eenvoudige projekte sluit in dié wat die meeste mense waarskynlik reeds in die stookkamer of motorhuis het. Vir die meeste basiese projekte benodig jy 'n hamer, skroewendraaier (Phillips en platbek), 'n handsaag, 'n winkelhaak, maatband, beitel en 'n verskeidenheid skuurpapier. Basiese kraggereedskap sal beslis 'n elektriese boor insluit met 'n verskeidenheid boorpunte, 'n klein kragzaag soos 'n sirkelsaag of figuursaag en skuurpapier."

Op papier klink so 'n projek wel eenvoudiger as wat dit in die praktyk is, en miskien is jy self ook nie die handigste skrynwerker nie, maar daar lê tog sy eie bekoring in om saam met jou tiener te sukkel om so 'n projek te voltooi. Jy leer dalk nog 'n ding of twee by jou tiener oor hoe om 'n probleem op te los of jy kan hom of haar die waarde van dink en geduld leer.



Bron: <https://af.drafare.com/houtwerk-projekte-ouers-en-tieners-kan-saam-doen/>

Bou

Jou

Eie

BRAAI-PLEK



Menige man in Suid-Afrika droom daarvan om sy eie braai te kan bou – een van bakstene en sement en 'n skoorsteen wat werk – maar dit sit beslis nie in enigiemand se broek nie. En dis beslis nie kinderspeletjies nie. Om dit in een storie te probeer verduidelik, is 'n ander tameletjie, want elke Suid-Afrikaner is mos 'n braaier met sy of haar eie idee van hoe dit gedoen moet word. Ons laat ons nie voorsê nie – veral nie oor hoe die braai moet lyk of hoe daar gebrui moet word nie! Die ontwerp wat ons gekies het, is juis so gekies sodat elke selfdoener dit na sy of haar eie behoeftes kan aanpas.

Inkopielys vir dié ontwerp

- 'n 700 mm-staalbraai-eenheid vir inbou (groottes neem met 100 mm-intervalle toe)
- ongeveer 400 sierstene
- 7 x 1 500 mm-lateie (vir die werkblad)
- 4 x 900 mm-lateie (basis vir die braai)
- omtrent 2 sakke sement
- omtrent 6 kruywaens bousand
- genoeg 13/16 mm-gruisklip vir die betonblad

Plus

- teëls vir jou werkblad

Gereedskap

- messeltroffel
- voegtroffel
- houtplank vir skraapwerk
- pleisterplank
- koolborsel
- reihout of 'n lang, breë linaal
- waterpas
- kouebeitel en steenhamer of hoekslyper en klipsnyskyf
- rubberhamer
- maatband
- bouerswinkelhaak
- kruywa
- graaf/skopgraaf



Stap: 1

Gooi die fondasie. Merk die ideale plek vir jou braai met kryt en penne uit. Maak seker dat die area reg rondom 100 mm breër is wat jou braai gaan wees. Grawe die grond ongeveer 100 mm diep uit. Maak daardie area en die omliggende grond deeglik klam sodat die grond nie die vog uit die beton trek en sodoende die sement te gou laat droog word en verswak nie. Meng die beton volgens die aanwysings op die sementsak en giet dit in die voor wat jy gegrawe het. Versprei dit eweredig en maak seker dat die hoeke gevul is. Die oppervlak moet dan met die reihout of 'n plank gekap word totdat dit min of meer gelyk is. Daarna moet die oppervlak geskraap word in 'n saagbeweging om dit af te werk. Jy kan selfs met 'n troffel sirkelbewings maak as afwerking. Indien jy seker is die oppervlak is presies gelyk, moet jy dit vir 'n paar weke los om heeltemal droog te word. Maak elke derde dag die blad klam met water sodat dit nie te gou uitdroog en verbrokkel nie.



Stap: 2

Gebruik die bouerswinkelhaak en 'n maatband om die uitleg van jou braai op jou voltooide fondasie af te merk.



Stap: 3

Meng nou die dagha volgens die aanwysings op die verpakking. Lê dan die stene met behulp van die messeltroffel volgens die merke wat jy in stap 2 gemaak het. Laat 10 mm oop tussen die stene vir die messelvoeg. Wanneer jy seker is dat al jou hoeke haaks is en dat al die stene gelyk lê, begin jy met die volgende laag deur die stene dan weer oor die vorige laag se voeg te lê. WENK: Hoe meer stene jy heel hou, hoe minder hoef jy te sny.



Stap: 4

Sewe steenlae behoort genoeg te wees om tot by werkbladhoogte te kom. As jy dit sou verkies, kan jy nog lae aanbou volgens jou voorkeure.



Stap: 5

Plaas die 1 500 mm-lateie op 'n laag dagha bo-op die baksteenstruktuur.

Stap: 6

Vul die openinge tussen die lateie met sement. Werk dit gelyk af met die houtplank. Daarna pleister jy ook die buiterande.



Stap: 7

Wanneer jy seker is dat die werkblad hard is, bou jy die agter- en sykante van die braai-eenheid op. 850 mm is die ideale hoogte.



Stap: 8

Plaas nou die braai-eenheid in die opening. Jy kan geskikte glasvesel-isolasie tussen die eenheid en die omliggende oppervlakke invoeg om die geboude struktuur teen die hitte te beskerm.



Stap: 9

Die skoorsteendele word nou bo-op die eenheid geplaas. 'n Vaste of draaiende skoorsteenkap boaan sal die reën uithou en keer dat die eenheid roes. Die draaikap is baie voordelig omdat dit 'n suigaksie aan die bokant van die skoorsteen veroorsaak, wat trekke ondertoe op winderige dae keer. 'n Suigwaaier wat bo in die skoorsteen geïnstalleer word, is ook baie doeltreffend om rook deur die skoorsteen op te trek, maar dis jou keuse. LET WEL: Die bokant van 'n skoorsteen moet minstens 60 cm hoër as die nok van die naaste dak wees.

Stap: 10

Deur die eenheid asook die skoorsteen-uitlaat en flens toe te bou voor jy voortgaan, beskerm jy die geverfde dele van die braai-eenheid. Plaas nou die korter lateie oor die struktuur.



Stap: 11

Die bokant van die braai word afgerond deur nog 'n paar lae stene daarvoor te bou, en die bokant af te pleister. Jy kan natuurlik die skoorsteen tot heel bo toe bou, maar dit sal heelwat meer stene verg en jy gaan steierwerk nodig kry. Gebruik 'n geskikte deklaag (volgens die vervaardiger se aanwysings) om die die stuk skoorsteen wat bo uitsteek, die kap en enige ander braai-oppervlakke teen reënwater te beskerm. Ná installasie moet alle ontblote komponente met emalje- of roeswerende verf geverf word. Herhaal dit gereeld.

Bron: <https://www.facebook.com/714776505255665/posts/bou-n-braai-om-n-braaipek-van-bakstene-en-sement-een-met-skoorsteen-en-al-te-bo/933391820060798/>

BC BB Cement



vkó


**STOP
RHINO
POACHING**



**STOP
RHINO
POACHING**



BB



Passionate about Quality

Kry die regte **TUINGEREEDSKAP** vir jou spogtuin!

Daar is sekere stukke tuingereedskap waaronder 'n mens maar net nie kan klaarkom as jy tuinmaak nie, maak nie saak of jy nou eers uiting gee aan hierdie belangstelling en of jy al 'n ou hand daarin is nie.

Hannelie Cronjé het meer uitgevind oor die basiese noodsaaklikhede van 'n tuinier.

Dis baie maklik om heeltemal oorboord te gaan wanneer jy in 'n hardewarewinkel instap, want 'n mens raak so oorweldig deur al die mooi en interessante goed wat daar op die rakke lê of uitgestal is. Baie daarvan neem 'n klomp plek in beslag en is boonop duur, so dit is belangrik om gefokus te bly om net die nodige goed te koop wat jy self sal kan hanteer. Vir meer gevorderde take in die tuin is daar in elk geval professionele mense wat dit vir jou kan doen. Volgens 'n artikel van Linda Hagen (<https://www.gardendesign.com/how-to/tools.html>) is dit altyd raadsaam om die beste gehalte gereedskap wat jou begroting toelaat, aan te koop en om dan jou aankope so in stand te hou dat jy die beste uit jou belegging haal. Sy lys in die artikel 12 items wat jou sal help met jou tuinprojek.



Tuinhandskoene

Hoewel tuinmaak 'n heerlike stokperdjie is, kan dit baie gou in 'n pynlike storie ontaard as jy nie die regte handskoene het nie.

- Handskoene moet duursaam en "stewig" wees, maar nie lomp groot nie, veral as jy met saadjies of saailinge werk wanneer jy plant.
- Dis belangrik dat jou handskoene reg pas sodat dit nie in jou pad is of afval terwyl jy werk nie.
- Materiaal wat waterbestand is maar ook lug deurlaat, sal jou hande koel en gemaklik hou.
- Langer bokante sal jou polse en voorarms teen krapmerke beskerm en ook keer dat grond in jou handskoene kom.
- Bêre handskoene op 'n koel plek weg van die son en water en veilig teen insekte.



Snoeiskêr

Snoeiskêre help jou om plante wat wild groei en oorneem, terug te snoei. Die aambeeldsnoeiskêr sny met 'n skerp lem wat in 'n plat oppervlak met 'n gleufie in sluit, soos wanneer 'n mens met 'n mes op 'n kombuisplank sou sny. Die kruislemsnoeiskêr met sy bek wat lyk soos 'n snawel, werk op dieselfde prinsiep as 'n gewone skêr – twee lemme wat sny waar die lemme kruis.

- Aambeeldsnoeiskêre werk die beste op dooie hout en sal vars, groen stamme en takke beskadig omdat hy dit sal skeur en nie 'n mooi skoon snit maak nie.
- Die kruislemsnoeiskêr word gebruik om lewende plante en groen hout te sny. Dit maak 'n skoon snit waar jy knip. Moenie hierdie skêr op dooie hout gebruik nie, want die dooie hout kan jou lemme buig en die skêr nutteloos maak.
- Maak seker dat jou snoeiskêr gemaklik in jou handpalm pas.
- Sperratsnoeiskêre bied meer knipkrag en is ideaal vir mense wie se hande nie so sterk is nie en ook vir dikker takke. Met hierdie snoeiskêr is dit soms nodig om die handvatsels 'n paar keer te druk voordat hy sy weg deur die dik tak gekou het, maar jy is verseker van 'n skoon snit.
- Vir skoner snitte en minder beserings aan plante, is dit noodsaaklik om jou snoeiskêre skerp te hou.

Takknippers

Takknippers is basies 'n snoeiskêr met langer hewwe en word gebruik om dele wat moeiliker bereikbaar is by te kom en ook vir dikker takke. Die lang hewwe bied die hefboomkrag om deur takke van dikker as 2,5 cm te knip. Net soos by snoeiskêre is daar ook die aambeeld- en die kruis-tipe. Die hewwe se lengte wissel van tussen 40 en 90 cm.

- Die kruislemtakknippers is meer presies in waar hulle sny.
- Wanneer jy 'n takknipper koop, hou in gedagte wát jy moet knip en hoe hoog jy sal moet strek om dit te knip aangesien hierdie knippers nogal swaar kan raak. Kry die regte lengte vir jou behoeftes.
- 'n Takknipper met liggewig aluminium- of koolstofsamestelling-hewwe kan ligter en makliker hanteerbaar wees.
- Net soos met snoeiskêre moet die lemme altyd in 'n goeie toestand en skerp gehou word.



Tuinvurk

Die tuinvurk is baie nuttig vir die omspit van grond en kan ook in harder grond as 'n graaf gebruik word.

- Tuinvurke met 'n effense kurwe is nuttig om deklaag asook kompos om te dolwe.
- 'n Tuinvurk met reguit tande is beter vir spit en ideaal vir kompakte, klipperige grond asook vir kleigrond.
- Vierkantige tande is sterker en is nuttiger as plat tande wat kan buig in klipperige grond.



Handtroffel

Hierdie nuttige stuk gereedskap is ideaal vir die oorplant van blomme en kruietjies in beddings, die versorging van potplante asook om onkruid weg te werk.

- Kies 'n breë lem vir die skuif van grond of 'n lang, smaller lem om onkruid uit te trek en in klipperige grond te werk.
- Maak seker dat die handvat gemaklik in jou hand pas.
- Troffels wat van vlekvrystaal gemaak is, sal baie meer duursaam wees en sal langer hou.



Graaf

'n Graaf is 'n absolute werkesel. Hulle maak dit maklik om gate te grawe vir nuwe plante, rande om die grasperk en beddings te spit, soos te lig en om grond van een area na 'n volgende te verskuif. Dit kan 'n bietjie aan die duur kant wees, maar 'n goeie graaf sal vir baie jare harde diens in jou tuin lewer.

- Trapplek aan die bokant van die lem maak dit makliker om die graaf in harde grond te kry.
- Essenhout-stele is duursaam en absorbeer skok en vibrasie.
- Grawe is beskikbaar met kort of lang stele. Die langer stele gee meer hefboomkrag, maar maak die graaf swaarder.
- Lemme van vlekvrystaal is sterker en sal die roes nie.



Hark

Harke is ideaal om jou tuinvullis en blare bymekaar te hark. Dit kom in 'n groot verskeidenheid groottes en style, maar 'n goeie wegspringplek is die standaard blare-hark.

- Verstelbare harke is nuttig aangesien jy in klein spasies kan werk, maar ook groot hoeveelhede blare kan hark.
- Hoewel staaltande sterker is, kan dit ook harder wees op grasperke as wat plastiektande sou wees.



Skoffel

Jou tuin sal bepaal watter tipe skoffel jy moet aanskaf. Jou groentetuin sal 'n stewige, breë skoffel benodig terwyl jou meerjarige tuin 'n smaller skoffel vereis. Skoffels is nuttig in die voorbereiding van nuwe beddings en ook om onkruid uit te kap.

- Soek vir 'n lang steel wat ver kan reik.
- 'n Skerp lem werk beter en sal langer hou.
- Onkruidskoffels het 'n oop vierkantige kop en word onder die grond heen en weer getrek om onkruid wat bo die grond groei se wortels af te sny.
- Plat skoffels word gebruik om die grond in groentebeddings in rye om te keer.



Tuinslang met 'n verstelbare kop

Water is die basis van jou tuin se lewe en dis belangrik dat jou tuinslang elke area daarin kan bereik. 'n Verstelbare kop plaas jou in beheer van die waterdruk en omtrek wat natgespuit word.

- Skat die lengte van die tuinslang wat jy sal nodig hê voordat jy een gaan koop.
- Die lengte van jou tuinslang sal die waterdruk bepaal – 'n langer tuinslang se waterdruk sal laer wees.
- Tuinslange wat van viniel gemaak is, is nie net goedkoper nie, maar ook heelwat ligter, maar knak ongelukkig maklik terwyl dié wat 'n rubberbasis het swaarder is, maar nie knak nie.
- Rol jou tuinslang op voordat dit gebêre word en maak seker daar is geen knakke nie aangesien dit swak plekke veroorsaak.

Spruitkop met 'n steel

Besprinkel tuine liggies met so 'n spuitkop met 'n steel. Die lang steel maak dit maklik om die struik aan die agterkant van beddings nat te spuit en ook om plante in hangbakke en potplante wat buite bereik van jou tuinslang is, by te kom.

- Kies die regte lengte vir jou behoeftes – 'n langer steel sal byvoorbeeld ideaal wees vir potplante wat hang.
- Ingeboude kleppe in die handvatstel laat jou toe om self die waterdruk te bepaal.



Gieter

- Gieters is in staal en plastiek verkrygbaar. Daar is 'n groot verskeidenheid kleure, style en koppe.
- Plastiegieters is ligter as metaal, maar sal nie so lank hou nie.
- Metaalgieters moet teen roes behandel word.
- Bepaal self die grootte wat jy sal kan dra wanneer dit vol water getap is. 2 liter water weeg byvoorbeeld 2 kilogram.
- Die handvatstel moet jou in staat stel om 'n gieter vol water te kan dra sodat om water te mors. So ook om die gieter gemaklik te kan omkeer om water te kan gooi.
- Gieters met twee handvatse maak dit vir bejaardes en kinders makliker om te hanteer.
- Jy mag dalk twee gieters nodig hê: Een met 'n sprinkelkop vir jou tuinplante en een met 'n tuitkop vir jou potplante binne-in die huis.



Kruiwa

Indien jou tuin vereis dat daar kompos, deklaag of grond verskuif moet word, sal 'n kruiwa die taak baie ligter maak.

- Die tradisionele dubbelsteel-kruiwa met een wiel kan dit moeiliker maak om groot vragte te balanseer.
- Kruiwaens met een handvatstel en twee wiele is makliker om te balanseer en hanteer ook makliker vir mense met minder krag. Dit beweeg ook makliker oor ongelyke terrein. Dit kan ook met net een hand gestoot of getrek word.
- Bêre die kruiwa op 'n droë plek om roes te voorkom.
- Sorg dat die wiele gereeld gepomp word om die werk te vergemaklik.

LASHER.
LEIDENDE VERVAARDIGER VAN STERK,
BETROUWBARE GEREEDSKAP.
GEWAARBORG.



By Lasher is ons voortdurend besig om ons produkte te verbeter.

*Ons gebruik slegs materiaal van **hoogste gehalte** om alle gereedskap **plaaslik te vervaardig**.*

*Met 'n verskeidenheid van meer as **1000 produkte** het ons die toets van tyd deurstaan.*

Dankie vir u lojale ondersteuning!



SABS
ISO 9001

LASHER.CO.ZA



EST. 1929

JoJo se kwaliteitsbelofte

Ons belê in ontwerpe, tegnologieë en bekwaamhede wat in lyn is met ons doelstellings.

JoJo se gewilde watertenks voldoen aan die nasionale tenkstandaard vir watertenks, SANS 1731:20, by al agt ons bedrywighede en kom met 'n 40-jaar-plus baanrekord asook 'n 10-jaar waarborg. Elke JoJo tenk is 'n top-gehalte, langtermyn-belegging, spesiaal ontwerp om 'n doel te dien en waarde toe te voeg.



UV-gestabiliseerde buitenste laag bied weerstand teen Afrika se harde klimaat



Deksels word met veerbelaaide e-clips vasgeheg as 'n addisionele veiligheidsmaatreël in geval die tenk oorloop



Swart voering aan binnekant voorkom die groei van alge



Tenks word met top-gehalte, praktiese koppelstukke verskaf sodat verskillende toebehore maklik bygevoeg kan word om die veelsydigheid van die tenk te verleng



BPA-vrye, voedselgraad voering voorkom besmetting met chemikalieë en behou die kwaliteit van gestoorde water



Tenks kan in verskeie kleure vervaardig word om verskillende smake te pas en aan unieke estetiese vereistes te voldoen



Geen vertikale hegpunte of swak punte tussen lae maak tenks ekstra sterk



Ons kleurpigmente is bestand teen uiterste weertoestande en skerp sonlig vir verlengde buitenshuise gebruik sonder dat die kleur vervaag



Ekstra digtheid aan onderkant van tenks bied nodige stewigheid om die druk van gestoorde vloeistof te weerstaan



Ikoniese kontemporêre ontwerp met unieke skerp lyne en afrondings



Nou-gespasieërde ribbes aan die onderkant van die tenk bied ekstra stewigheid

Ons watertenks is beskikbaar in die volgende kleure:



Reënwateropgaring vir jou huishouding: doen-dit-self met JoJo

Laat die reënseisoen vir jǒu werk met 'n JoJo reënwateropgaringstelsel wat jy maklik self kan installeer.

Ons nuwe reeks reënwateropgaringstoebehore is beskikbaar by VKB winkels landwyd.



Reënkop



Eerste-Spoel
Reënwater Verdeler



Vir meer inligting oor ons alomvattende oplossings, of vir gedetailleerde, stap-vir-stap doen-dit-self instruksies, besoek jojo.co.za


Watter gereedskap moet in jou gereedskapkis wees?

Ongeag of jy 'n gereedskapkis vir klein takies in en om die huis wil hê of 'n volledige gereedskapkis as 'n ywerige nutsman, hier is 'n paar wenke.

Ons het met die gereedskapspan van Kaufmann Hardeware gesels en deel hier watter gereedskap almal nodig het vir handewerk om die huis. Hulle bied wenke ten opsigte van die basiese veiligheidstoerusting, hand- en kraggereedskap vir gebruik in en om die huis tot meer gevorderde gereedskap vir jou versameling. En daar is selfs ook gereedskapkiste wat deur Kaufmann Hardeware saamgestel is wat in verskillende behoeftes voorsien. Die belangrikste items in jou gereedskapkis is jou veiligheidsuitrusting. Dit is belangrik om 'n paar veiligheidshandskoene en -brille te hê om ongewenste beserings deur splinters te vermy. Indien jy met kraggereedskap werk, is dit die moeite werd om in oorpluisies te belê.

Daar is 'n groot verskeidenheid handgereedskap wat verskeie doele kan dien. Die volgende items is altyd nuttig om te hê:

- **Hamer**
- **Handsaag**
- **Maatband**
- **Potlood**
- **Skroewedraaiers**
- **Tange**
- **Verstelbare moersleutel**
- **Skuifslutel**
- **Klampe**
- **Kalfaatyster ("caulking gun")**
- **Waterpas**
- **Knipmes**



'n Hamer is ideaal vir algemene gebruik, perfek vir spykers inkap en uittrek asook vir algemene kapwerk. Van prente ophang in jou sitkamer tot rakke opsit, hierdie stuk gereedskap sal altyd handig te pas kom. Voeg daarby 'n handsaag, maatband, potlood en waterpas en jy het alles vir die meeste van jou basiese bou-projekte, byvoorbeeld om rakke op te sit of 'n boomhuis vir kinders te bou. Om af te breek of om aanmekaar te sit, voeg 'n stel skroewedraaiers, 'n tang, 'n verstelbare moersleutel, 'n skuifslutel en 'n paar klampe by. 'n Kalfaatyster ("caulking gun") is nuttig vir die aanwending van gom of om silikoonseëlaar aan te wend. 'n Knipmes is 'n nuttige stukkie gereedskap wat gebruik kan word om stukkie hout weg te skaaf of selfs om jou potlood mee skerp te maak. Vir bietjie tawwer werk is 'n elektriese boor die bruikbaarste kraggereedskap wat jy kan besit. Indien jy sou besluit om 'n battery-aangedrewe boor te koop, kies een met langlewe litiumbatterye. Belê ook in 'n paar verskillende groottes boorpunte. Dit is 'n universeel nuttige stuk gereedskap om in jou gereedskapkis te hê.

Laastens is dit belangrik om 'n stewige en duursame gereedskapkis aan te skaf om jou gereedskap georganiseerd en alles in een plek te hou. Hefboomgereedskapkiste van metaal kan 'n leeftyd hou indien dit mooi opgepas word.

Kaufmann Hardeware het drie verskillende opsies vir reeds saamgestelde gereedskapkiste. Daar is 68-, 72- en 113-stukgereedskapkiste beskikbaar. Elke een het verskillende variasies van noodsaaklikhede – met die bogenoemde noodsaaklikhede in- en uitgesluit.

'n Uitgebreide reeks van Kaufmann Hardeware se gereedskap is beskikbaar by jou naaste VKB-tak.


 Agrinet



BUILT WITH EXPERTISE

In the market since 1995, Kaufmann has been a trusted partner in providing quality hardware products, made to get the job done.

Kaufmann's products are built with innovation, built with expertise and built to last.



KAUFMANN

KAUFMANN HARDWARE IS AVAILABLE FROM PARTICIPATING VKB RETAIL STORES

KAUFMANN HARDWARE IS EXCLUSIVELY DISTRIBUTED BY




Orbit se sproeierontwerp is die geheim vir gholfbaan-gras in jou tuin.



Het jy al ooit gewonder hoe hulle dit regkry dat gholfbane se gras nêrens 'n bruin kol in sig het nie? 'n Deel van die geheim is die ontwerp van die besproeiingstelsel. Deur die sproeiers kop-aan-kop te spasieer, word die water eweredig versprei sonder dat die gras te veel water kry. Die geheim is om die spasiering tussen die sproeiers reg te beplan om eweredige waterverspreiding te verseker. Hier onder is 'n paar voorbeelde en wenke oor hoe om die ontwerp perfek te kry vir jou tuin.

Kop-aan-kop-spasiëring

Net soos wat die naam impliseer, beteken kop-aan-kop dat die sproei van elke sproeierkop die sproei van die een langs en oorkant hom oorvleuel. Indien dit nie oorvleuel nie, word dit "alleen-staan-metode" genoem en sal jy heelwaarskynlik die bruin dele kry weens te min water. Die afstand tussen die sproeierkoppe word bepaal deur te weet wat jou stelsel se waterdruk is en hoeveel liters per minuut by die spuitstuk uitkom. Dié twee kan bereken word deur 'n statiese druktoets en 'n emmertoeets. Besoek Agrinet se webtuiste by <http://agrinet.co.za> en soek onder die hofie "Information Hub" hoe om dié twee toetse te doen deur "Steps before Designing a Sprinkler System" in te tik.



Vierkantige spasieering


Die mees algemene tipe spasieering word vierkantige spasieering genoem, want dit lyk soos 'n vierkant wanneer jy 'n lyn tussen vier sproeiers trek en elkeen van die vierkante wat gevorm word, sal water kry van al vier die sproeierkoppe. Dis die ideale metode om te gebruik vir 'n area wat vierkantig of reghoekig is.

Driehoekige spasieering

Die ander algemene tipe spasieering word "driehoekige spasieering" genoem, want wanneer jy 'n lyn tussen drie

sproeierkoppe trek, lyk dit soos 'n driehoek. Dié metode is ideaal vir groot, oop areas, maar is moeilik om in te pas in kleiner areas.

Orbit het 'n aanlyn besproeiingsbeplanningshulpmiddel ontwerp wat dit vir jou makliker maak om jou besproeiingstelsel te ontwerp. Dit help jou om jou tuin in sones op te deel en om te besluit watter Orbit-produkte jy nodig gaan hê om jou grasperk in 'n perfekte toestand te kry. Besoek <http://agrinet.orbitsprinklers.com> om by dié hulpmiddel uit te kom.



Orbit bied 'n wye reeks professionele gehalte en nutsmantvriendelike tydreëlaars, sproeiers, sproeierkoppe, stuifselstelsels en solenoïdes. Ongeag van hoe groot of klein jou tuin is, Orbit het die perfekte produkte en oplossings vir die heel beste besproeiingstelsel. Orbit is beskikbaar by jou naaste VKB-winkel.



Orbit®

Lawn. Garden. Life.

More and more people are discovering the joys of keeping a garden.

Orbit Irrigation designs and produces some of the best sprinkler and drip irrigation systems in the world and it is their mission to bring the joy back into gardening. The Orbit range consists of best in class, DIY Friendly, Professional Quality Irrigation Products. From sprinklers and timers to innovative tools to help you plan your garden system online, Orbit has garden lovers covered.



Sprinklers



Timers



Valves



Misting



Smart Watering



Water Saving



Going Green with Flash

Recently, Flash introduced a new line of solar products including solar floodlights, wall lamps and garden spikes. Solar has many advantages including reduced electricity bills, eco-friendliness and can also keep your home powered during load shedding. Solar energy can also generate electricity in a relatively clean manner, similarly to wind power and hydropower.

Flash solar lamps and solar panels are built with high quality components and materials. The electricity generated by the solar panels are stored in lithium-ion batteries built into the light fixture. Solar power has the advantage of requiring no wiring, so it can be placed wherever there is an available source of direct sunlight and where electricity is not readily available. Solar installations are quick and easy to install as there is no need for cabling.

How LED Saves Electricity & Money

LED (Light-Emitting Diode) is currently the most energy-efficient lighting technology used within lamps and other integrated light fittings. Incandescent lamps use higher amounts of electricity, resulting in a higher electric bill. These lamps also have a very short lifespan of approximately 1000 hours. In contrast, LED lamps are significantly cleaner and energy-efficient, saving consumers up to 85% energy and money. LED lamps also have a longer lifespan, outlasting most incandescent lamps many times over.

More About Flash Floodlights

Flash carries a vast range of LED floodlights ranging from 10W to 600W and 10W to 50W in the sensor range. The floodlight has a built-in MOV (Metal Oxide Varistor) that acts as a surge protector, preventing voltage spikes and unwanted voltages. It also has a heat sink that prolongs the lifespan of LEDs by dissipating heat. Not to mention Flash carries a 3-year guarantee on all Flash floodlights.

Lighting up a large area can be determined by the type of floodlight you choose. LED floodlights come with an output that ranges between 750 and 72,000 Lumen (Lumen - The amount of visible light emitted from a source). Depending on the area you wish to illuminate, you will need to choose the lumen. Small to medium backyards or areas typically require 750-3750 lumens, whereas larger fields, parking lots, and mines typically need 10,000+ lumen.

LUXURY COMPOSITE DECKING



NO NEED TO COMPROMISE! ROYAL DECKING GIVES YOU EXCELLENCE AND AESTHETICS IN ONE!

In the past one was forced to choose between a high maintenance natural wood deck such as Balau, and a high performance but synthetic looking composite deck. Now, following a breakthrough in technology, Royal Decking brings you a composite deck with all its advantages but with the look of exotic wood in a variety of colours! The development of a unique composite and an exclusive colour injection technique gives each board unique colour veining and texture so that it won't look artificial. This formulation ensures each board will lighten gradually over time to a beautiful seasoned tone, giving you a natural looking deck that mimics the look of exotic hardwoods such as Ipe, Teak, Cypress and more!

ROYAL DECKING IS MORE THAN AESTHETICS, IT'S A LIFESTYLE!

The South African sun has long been the enemy of natural wood decks like Balau and others. Splintering, cracking, splitting and fading are all caused by the elements. Deck owners are forced, in a constant attempt to maintain the wood, to care for their deck several times a year. Maintenance typically includes a chemical wash, sanding and oiling, a time consuming routine requiring some skill. Royal Decking is engineered to perform under the toughest weather conditions and will not be affected by the sun. It will never, split, crack, rot or warp!

NO MORE SCREWS, JUST FLAWLESS SURFACES!

Another typical concern with decks is that of screws. They tend to protrude above the surface of the deck, mostly as the result of constant sanding and warping of the wood. A protruding screw is not only ugly but a hazard to children and adults' feet alike. Royal Decking is installed with hidden fasteners, eliminating the danger of screws giving the deck a clean flawless appearance!



Behandel

elektrisiteit met die nodige respek.

deur Hannelie Cronjé



Die wêreld se ekonomiese stelsel word hedendaags gedryf deur elektrisiteit. In ons geskiedenis word daar melding gemaak van vier Industriële Revolusies.

Die Eerste Industriële Revolusie het in Europa en Amerika plaasgevind vanaf die 18de tot die 19de eeu. Landelike samelewings het verander in industriële en stedelike samelewings. Die sentrale rolspelers in die Industriële Revolusie was die ontwikkeling van die stoomenjinn tesame met die yster- en tekstielbedrywe.

Die Tweede Industriële Revolusie het net voor die Eerste Wêreldoorlog tussen 1870 en 1914 plaasgevind. Dit was 'n tydperk van groei vir bestaande bedrywe en die uitbreiding van nuwes, soos staal, olie en elektrisiteit en die gebruik van elektrisiteit vir massaproduksie. Groot tegnologiese vooruitgang in hierdie tydperk sluit in die telefoon, gloeilamp, fonograaf en die binnebrandenjinn.

Die Derde Industriële Revolusie, of die Digitale Revolusie, verwys na die bevordering van tegnologie van analoog-elektroniese en meganiese toestelle na die digitale tegnologie wat vandag beskikbaar is. Dié era het in die 1980's begin en duur steeds voort. Vordering tydens die Derde Industriële Revolusie sluit in die persoonlike rekenaar, die internet en inligting- en kommunikasietegnologie (IKT). Die Vierde Industriële Revolusie bou op die Digitale Revolusie, wat nuwe maniere verteenwoordig waarin tegnologie in samelewings en selfs die menslike liggaam ingebed is. Die vierde Industriële Revolusie word gekenmerk deur deurbrake in verskeie velde, insluitende robotika, kunsmatige intelligensie, nanotegnologie, kwantumrekenaars, biotegnologie, die internet, 3D-drukwerk en outonome voertuie.

Sentraal tot alles wat in hierdie laaste vier Industriële Revolusies "gebeur" het en steeds gebeur, is die gebruik van elektrisiteit. Daarom gaan staan feitlik alles botstil wanneer ons beurtkrag het, want feitlik in alles wat ons doen, het ons elektrisiteit nodig.

Dit is egter noodsaaklik dat ons hierdie lewensmiddel met die nodige respek en omsigtigheid hanteer, want elektrisiteit kan lewensgevaarlik wees.

Het jy byvoorbeeld geweet die badkamer is die gevaarlikste plek in die huis om 'n elektriese skok te kry? Trouens, dat jy nooit aan 'n elektriese toestel moet raak as selfs net jou hande of jou voete nat is nie? Gevare van elektrisiteit in en om die huis is legio... en tog besef ons dit nie altyd nie. Maar hoe werk elektrisiteit eintlik en presies wat is 'n skok? Daar word feitlik daagliks mense deur elektrisiteit beseer of gedood. Die redes is feitlik altyd agterlosigheid, foutiewe appaarte of gereedskap of 'n gebrek aan kennis oor hoe elektrisiteit nou eintlik werk. Beserings of sterftes weens elektriese skokke kan verminder word deur op drie dinge te let:

1. Verstaan hoe elektrisiteit werk;
2. wees bewus van die potensiële elektriese gevare; en
3. leer omtrent veilige elektriese koorde en appaarte en hoe hulle gebruik moet word om te keer dat mense geskok raak.

Hoe elektrisiteit werk en waarvandaan ons ons elektriese krag kry

Die beginsel waarvolgens elektrisiteit in ons kragsentrales (soos dié van Eskom) opgewek word, is eenvoudig: solank ons 'n magneet in die rondte kan laat draai in die nabyheid van 'n spoeldraad, kan ons net soveel elektrisiteit maak as wat ons wil. Elektrisiteit word in 'n kragentrale gegeneer wanneer 'n magneet (rotor) in 'n koperklos (stator) laat tot word.

Ingewikkelder is die stelling dat die beweging van "vry" elektrone in draad of ander geleiers verantwoordelik is vir dit wat as elektrisiteit bekend staan.

Hoe ook al, elektrisiteit is 'n vorm van energie, en met 'n kragopwekker word meganiese energie in elektriese energie omgeskakel. Die kragopwekker kan deur water, stoom of wind of wat ook al aangedryf word, maar dit maak geen verskil aan die produk – die elektrisiteit – wat daardeur opgewek word nie. By die meeste van Eskom se kragsentrales, wat krag op verskillende maniere opwek, word spanning van sowat 22 000 volt (22 kV) gegeneer. Van die kragopwekker af word die elektrisiteit deur 'n transformator geleë. Met die transformator word die spanning van 22 kV verhoog tot byvoorbeeld 220 kV, 275 kV, 400 kV of 765 kV en die krag word in Eskom se nasionale netwerk ingevoer. Die hoë spanning is nodig vir doeltreffender kragverspreiding om vir die kragverlies oor groot afstande te vergoed.

Die elektrisiteit word sō van ver af na verskillende subsentrales in die stelsel geleë. Hier word die spanning weer deur ander transformators verlaag. Die verlaging van die spanning is nodig sodat die elektrisiteit deur verskillende verbruikers benut kan word. Dit kan 11 kV in groot fabriekwees en 380/220 volt in winkels en woonhuise.

In die woonhuis is daar 'n hoofverspreidingsbord met skakelaars en 'n veiligheidskakelaar. Die skakelaars is veronderstel om die elektrisiteitstoevoer af te skakel indien iets verkeerd gaan. As dit nie gebeur nie, kan mense selfs doodgeskok word of kortsluitings kan brande veroorsaak.

Wat is 'n elektriese skok?

Elektrisiteit vloei van nature grond toe deur enigiets wat 'n elektriese stroom sal geleë. Daar is sekere stowwe, soos hout en glas, wat nie goeie geleiers van elektrisiteit is nie. Daarteenoor sal elektrisiteit geredelik 'n pad deur die menslike liggaam kies om by die grond te probeer uitkom. As 'n apparaat of stuk gereedskap foutief is of daar byvoorbeeld 'n kortsluiting in 'n draad is, kan die elektriese stroom 'n ander pad na die aarde probeer vind – straks deur jou liggaam. Dit is hoekom elektriese stelsels altyd geaard moet wees.

'n Elektriese skok is in die reël die uitwerking op jou liggaam van 'n sterk elektriese stroom wat deur jou spiere of senuwees vloei. Die stroom kan weefselskade en selfs hartstilstand veroorsaak as dit sterk genoeg is, en 'n noodlottige elektriese skok staan bekend as elektrokusie. Dit is belangrik om te weet dat 'n stroom deur droë klere

minder gevaarlik is as dié deur nat klere of direk op die vel. Die badkamer is ook die gevaarlikste plek in die huis om 'n elektriese skok te kry. En alle strome is gevaarliker wanneer die liggaam geaard is as wanneer dit van die aarde geïsoleer is deur rubberskoene.

Een interessante eienskap van spanning is dat 'n voël op 'n hoogspanningsdraad kan sit sonder om enigiets oor te kom omdat altwee sy pote by dieselfde spanning is. Daarteenoor soek 'n seun op die grond beslis sy dood as hy met 'n metaalpyl probeer om 'n vlieër los te wikkels wat daar bo tussen die drade vassit.

Trouens, volgens 'n kenner is dit selfs moontlik vir die liggaam om elektrisiteit te gelei sonder dat 'n mens aan 'n hoogspanningsdraad raak. Hoewel lug normaalweg 'n isoleermateriaal is, kan 'n vonk van 'n kragdraad na die liggaam of 'n ander voorwerp spring wanneer die gaping kleiner raak. So het dit al gebeur dat drie seuns in Suid-Afrika op 'n hooimied doodgebrand het wat deur die springende elektrisiteit van kragrade aan die brand gestee is.

Elektriese brandwonde wat deur hoogspanningsgrade veroorsaak word, lei inderwaarheid tot baie sterftes weens weefselvernietiging, respiratoriese versaking, verlies van bewussyn, nierversaking en so meer. Die energie in 'n elektriese kragprop (220 volt) is reeds genoeg om 'n mens dood te maak. 'n Kragdraad op 'n plaas dra dikwels 11 000 volt, wat dit nog meer futiel maak.

Soos 'n navorser van Eskom dit al gestel het: "By die huis skok jy dood, maar met 'n hoogspanningskabel skok én brand jy dood. Die meeste mense sterf weens die brandwonde."

Die pad van 'n kragtige stroom...



Bron: <http://www.mieliestronk.com/elekgevaare.html>

Wat om te doen as iemand geskok word

As iemand geskok word en die gevaar bestaan dat hy of sy kan sterf, moet jy nie aan die persoon raak nie, want jy kan self ook geskok word. Die beste is om dadelik die hoofskakelaar af te skakel. Indien dit egter nie moontlik is om by 'n hoofskakelaar uit te kom nie, kan jy probeer om die toestel of draad wat die skok veroorsaak met 'n droë besemstok, selfs 'n houtstoel of 'n bondel droë klere van die geskoke persoon af te kry.

Die behandeling vir elektriese skok (en moontlike brandwonde wat daarmee gepaardgaan) is gespesialiseer en 'n ambulans moet onmiddellik ontbied word.

As alle gevare dat jy self geskok kan word, verwyder is, kan jy vasstel of die beseerde persoon nog asemhaal en kan reageer. Skreeu op hom om te sien of hy nog by sy bewussyn is as dit nodig is. Indien jy kennis van noodhulp het, kan jy die bewustelose pasiënt probeer bybring, en as sy asemhaling en polsslag bestendig is, kan jy sy

brandwonde begin behandel. Verkoel die brandwonde, maar moet nooit salf of olies op brandwonde plaas nie. Praat kalm en bemoedigend met die pasiënt as hy by sy bewussyn is totdat die ambulans opdaag.

Hanteer elektrisiteit met die nodige respek

Die gulde reël is om alles buiten die heel eenvoudigste elektriese probleme aan 'n gelisensieerde elektrisiën oor te laat. Eie pogings kan groot ongelukke tot gevolg hê.

- Maak doodseker dat jy weet waar die hoofskakelaar van jou huis of die betrokke werksruimte is sodat jy dit kan afskakel indien daar probleme is.
- Moet nooit aan 'n elektriese toestel raak as jou hande, voete of jou hele lyf nat is nie. Alle nat vloere is eweneens potensieel gevaarlik as daar met elektrisiteit gewerk word. Onthou altyd: water gelei elektrisiteit. By absolute suiwer, gedistilleerde water is die geleiding swak, maar by stadswater, bronwater of soutwater met hul opgeloste stowwe is dit 'n heeltal ander saak.
- Moet ook nie klere by 'n elektriese verw warmer droogmaak en toelaat dat water op dele drup wat "lewend" is nie.
- Moenie verlengingskooorde na die badkamer lei nie.
- Straks nog belangriker is om nooit maar nooit aan elektriese toerusting te raak terwyl jy in die bad is nie. Sulke toerusting kan foutief wees of dalk in die water val en 'n elektriese stroom daardeur stuur.
- Dit geld ook vir die opwasbak in die kombuis, waar 'n mens miskien met die een hand in die opwasbak staan en met die ander hand aan die ketel of strykyster raak waarvan die elektriese bedrading onklaar geraak het.
- Aansluitend hierby: Trek die prop uit voordat jy water in 'n elektriese ketel gooi. En moenie die koord dadelik om 'n strykyster draai nadat jy klaar gestryk het nie. Gee dit kans om af te koel.
- In die was-en-stryk-kamer kan dit ewe gevaarlik wees om 'n ongeaarde strykyster te hanteer terwyl jy met 'n wasmasjien werk wat wel geaard is. Omdat elektrisiteit altyd 'n pad grond toe probeer vind, kan jou liggaam die skakel word wat die stroom van die yster af na die wasmasjien gelei.
- Moenie muursokke oorlaai deur te veel muurproppe daarin te druk nie (byvoorbeeld proppe vir die televisie, rekenaar, strykyster, verw warmer, platespeler, ens. alles by een punt nie). Die oorlaaiing van muursokke is 'n probleem wat algemeen voorkom. Volgens 'n kenner kan 'n muursok net sowat 15 ampère dra. Wanneer slegs twee toestelle aan dieselfde sok verbind word, kan dit oorlaai en die isolering om die kragkooorde beskadig word. 'n Mens moet ook niks behalwe gloeilampe in ligskotte inprop nie.
- Moet nooit kragdrade onderdeur 'n tapyt, oor 'n drumpel of oor 'n verw warmer laat loop nie. Die isolasie kan verweer en 'n brand of lekkasie kan veroorsaak word. Maak in elk geval gereeld seker dat alle geleidingskooorde nie verslete of beskadig is nie en dat geen oop draad op enige plek by die omhullende isolasie uitsteek nie.
- Vervang ook alle kragproppe wat uitgerafelde of gebarste isolasie of ander tekens van verwerping toon. Wanneer 'n mens 'n prop uittrek, moet daar nie aan die kabel gepluk word nie. Skakel die elektrisiteit by die kragpunt af en vat die prop vas om dit uit te trek. Trek die kragprop uit wanneer jy nie die toestel gebruik nie.
- Skakel elektriese kombeser aan sowat 'n uur voordat jy in die bed klim en skakel dit af net voordat jy gaan slaap. Gebruik die regte grootte kombeser vir die bed. Moet dit nie laat buig waar die verhittingselement is nie.
- Pas op waar jy gate in mure boor as jy nie weet waar die kragdrade in die muur loop nie. Dieselfde geld vir diep spittery en grawery in die tuin as jy nie kennis dra waar die kragtoevoerkabels na die huis versteek is nie.

- Dit klink na oorbodige raad omdat almal dit behoort weet, maar dit kan nie ongesê gelaat word nie: Moenie jou vingers of voorwerpe (veral metaalvoorwerpe) in sokke insteek of aan elektriese apparate peuter wat nog êrens ingeprop is nie. Dis byvoorbeeld hoogs gevaarlik om met 'n kombuismes te probeer om roosterbrood los te woel uit 'n rooster wat aangeskakel is.
- Onthou ook dat skakelaars foutief kan raak en dat "AF" dalk steeds "AAN" kan wees.
- Skakel die krag af voordat jy 'n gloeilampie insit.
- Hou koorde van toestelle buite bereik van klein kinders en belet hul ook om met elektriese toestelle te speel.
- Vermy elektriese kables wat op die grond lê.
- Moenie teen elektriese pale opklim nie.
- Moenie met vlieërs naby kraggrade speel nie.
- Bly weg van elektriese substasies af; dis nie 'n speelplek nie.
- Wanneer jy vonke by 'n elektriese toestel sien, skakel onmiddellik die krag af.
- Moet nooit onder bome staan of loop wanneer die weerlig slaan nie.
- En onthou ten slotte veral hierdie baie belangrike beginsel van elektriese veiligheid: Neem aan dat alle elektriese stroombane lewend is tensy jy doodseker gemaak het dat dit nie die geval is nie.

Ohms, volts, ampères en watts

Ohm is die eenheid van weerstand. Die elektriese stroom in 'n geleidingsdraad ondervind weerstand net soos wat water in 'n pyp weerstand ondervind weens die wrywing teen die kante.

Spanning ("voltage") is die krag waarmee elektrisiteit gelewer word. Dit kan vergelyk word met die druk in 'n watervoorsieningstelsel. 'n Groot elektriese spanning sal 'n sterker stroom deur 'n bepaalde weerstand kan dryf as 'n kleiner spanning. Hierdie "spanning" word as volt uitgedruk.


Stroom word in **ampère** gemeet en is die hoeveelheid van die elektrisiteitsvloei. Dit dui die hoeveelheid elektrisiteit aan wat in 'n gegewe tydperk deur 'n geleier vloei en is soortgelyk aan die meting van die vloei van water in liters per sekonde.

Watt staan gelyk aan volt vermenigvuldig met ampère. Dit is die eenheid van elektriese werktempo, of drywing, en dit dui die hoeveelheid werk aan wat elektrisiteit in 'n tydeenheid kan doen. Elektrisiteit word in hoeveelhede van kilowatt-uur verkoop.

Bronne:


<http://www.mieliestronk.com/elekgevare.html>

https://af.wikipedia.org/wiki/Vierde_Industri%C3%ABle_Revolusie



Stukkende kragprop?

Maak dit sommer self reg.



Bron: <https://www.netwerk24.com/tuis/Doen-Dit-Self/stukkende-kragprop-maak-dit-sommer-self-reg-20170914>

Irriteer die stukkende kragprop van 'n elektriese toestel jou byna daaglik? Hier is aanwysings om dit sommer vinnig self te herstel:



1. Verwyder ongeveer 25 mm van die plastiekomhulsel rondom die drie draade van die elektriese koord. Sny dit versigtig met die NT-snyer om nie regdeur die plastiek-isolasie om die dunner koperdraad te sny nie. Verwyder sowat 6 mm van die plastiekomhulsel van die drie gekleurde draade. Rol die koperdraadjies wat uitsteek, tussen jou vingers om hulle netjies bymekaar te hou.
2. Die groen-en-geel draad word altyd aan die langste punt (aan die bokant van die kragprop) vasgemaak. Die onderskeie punte word gewoonlik langsaan in baie fyn skrif op die plastiekhulsel gemerk: blou is neutraal (N), bruin lewendig (L) en geel-en-groen die aarddraad (E). Die bruin draad (L) word aan een van die korter punte met 'n L langsaan geheg en die blou draad (N) aan die ander punt. Druk die proppunte 'n entjie terug sodat jy die koperdraad deur die klein gaatjies in die punte kan druk. Draai die koperpunte stewig vas met die skroefie, maar wees versigtig om dit nie te styf in te draai nie, anders kan die delikate koperdraad dalk afbreek.
3. Die hoofkragdraad moet tussen die twee klein klampies aan die onderkant van die kragprop ingedruk word om te keer dat die koperdraadjies in die onderskeie punte losruk en 'n kortsluiting veroorsaak. Kyk of al drie die draadjies stewig vas is voordat jy die deksel van die kragprop terugsit.

Belangrike wenke

- Skakel altyd die hoofkragtoevoer af as jy enige elektriese werk self aanpak. Sit ook 'n groot nota op die kragboks ingeval jou tienerseun nie verstaan waarom sy musiekboks skielik ophou blêr het nie en dalk die krag weer gaan aanskakel.
- Elektriese skokke kan noodlottig wees. Moet nooit aan 'n toestel werk sonder om dit by die muurprop uit te trek nie. Skakel in 'n noodgeval onmiddellik die hoofkragtoevoer af en gebruik 'n besem of voorwerp van plastiek om die persoon van die oorsprong van die skok af weg te kry. Kry dadelik mediese hulp!
- Wees realisties oor jou vermoë om met elektrisiteit te werk. Gebruik 'n elektrisiën as jy enigiets aan die vaste bedrading van jou huis wil verander.
- Moenie kragpunte oorlaai nie – dit kan oorverhit en 'n brand veroorsaak.
- Inspekteer gereeld jou kragproppe en muurkragpunte. Enige donker verkleuring beteken daar skort iets.



Pas jou sekuriteit aan met *Master Lock*



Die werkloosheidsyfer wat die afgelope jaar met 1,6% gestyg het, pryse wat die hoogste ingeskiet het en die wisselende Covid-19-inperkings is enkele faktore wat bygedra het tot die toename in inbrake by huise en besighede. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisie diens het inbrake by nie-residensiële eiendomme met 2,8% persent gestyg. Huis-inbrake maak 54% deel uit van Suid-Afrika se misdaad terwyl die diefstal van vee, pluimvee en ander diere 10% van die land se misdaad uitmaak. (Bron: statssa.gov.za)

Met die land se ekonomiese insinking en toenemende kommer oor veiligheid en sekuriteit is dit noodsaaklik om die veiligheid van jou waardevolle besittings te verseker. Dit kan jou duur te staan kom om gesteelde besittings te moet vervang of om die skade te herstel wat tydens 'n diefstal plaasgevind het. Op die lang duur is 'n sekuriteitsstelsel 'n belegging wat jou die versekering en gemoedsrus gee dat jou toekoms beveilig is.

Master Lock het die kuns verfyn oor hoe huis- en besigheidseienaars hul bates kan beskerm deur die risiko van ongemagtigde sleutelduplisering uit te skakel. Die Edge-sleutelbeheerstelsel stel 'n spesifieke benadering tot sleutels bekend wat aangepas kan word volgens jou behoeftes en begroting. Die sleutelbeheerstelsel gebruik patentbeskermdes sleutels wat elkeen volgens 'n spesifieke DNS geskep is en wat slegs met die magtiging van 'n gesertifiseerde Master Lock-handelaar gedupliseer kan word.

Interne diefstal kom baie meer algemeen voor as wat besigheidseienaars besef en is 'n beduidende bedreiging vir die veiligheid van die instansie se veiligheid. Dit kan gebeur wanneer daar 'n hoë personeelomset is of wanneer 'n personeel 'n sleutel sonder toestemming dupliseer. Die sleutelbeheerstelsel verseker jou van algehele eienaarskap van toeganklikheid van die perseel van binne en buite. Met ons 100 jaar sekuriteitsondervinding kan jy nie in veiliger hande wees nie.

Wat is aangepaste hoë-sekuriteit?

Hoë-sekuriteit is 'n kombinasie van anti-diefstal-toestelle wat bydra tot 'n hoër vlak van sekuriteit. Master Lock South Africa se span kundiges bereken presies wat jou spesifieke sekuriteitsbehoefte is en vereenvoudig daarvolgens jou toegangsvereistes. 'n Hangslot-"geen" word ontwikkel volgens 'n hiërgiese rangskikking van verskillende toegangsvlakke. So byvoorbeeld, word 'n sisteem waar daar in 'n plaasopset hektoegang nodig is, anders opgestel as by 'n vulstasie waar toegang tot masjinerie beperk word tot individue op bestuursvlak. By private wonings sal daar 'n minder komplekse benadering tot toegang wees.

As dit kom by die beveiliging van 'n plaas, kan 'n hangslot se vlak van beveiliging meer gereeld hersien word as gevolg van herhaalde aanvalle. Dié probleem kan kritieke gevolge hê vir jou besigheid, ongeag of jy in die landbou, konstruksie of kleinhandel is.

"Master Lock verstaan dat elke veiligheidskwessie uniek is," sê Colin Harding, hoof van bemaking en spesiale projekte by IB McIntyre and Master Lock South Africa. "Ons help huis- en besigheidseienaars met die hersamstelling en vereenvoudiging van hul toegangsmetodes, en neem verantwoordelikheid vir hul sekuriteitsvoorkeure. Hulle kan kies hoe om hul eiendom se toegang te kategoriseer. Ons verfyn dit tot op die letter deur vir individue toegang te gee volgens elke kategorie wat geïdentifiseer is."

Die Pad Saam | 24 | DIY Bylaag 2021

"Sodra 'n stelsel aan 'n besigheid toegeken is, word al die besonderhede gedokumenteer," voeg dr. Conrad Greer, 'n hangslotspesialis by IB McIntyre and Master Lock South Africa by. "Namate tyd verloop, kan ons die stelsel opdateer asook diens wat dan verseker dat dit nie vervang hoef te word nie. Byvoorbeeld, indien jy 'n groot opset het en een sleutel raak weg, hoef geen slotte vervang te word nie. Dit word verhoed deur slegs die silinder in die slot te vervang. Die hoofslotstelsel bly in plek en bespaar jou dus enige vervangingskoste."

Master Lock het ook 'n kleurkodeskema bekend gestel wat identifikasie en toekenning van slotte per area vergemaklik. Hulle span analiseer hoër en laer risiko-areas en gee daarvolgens voorstelle vir die vlak van beveiliging om uitgawes spesifiek rondom die risiko te bereken.

Meer oor Master Lock

Vir 100 jaar is die Master Lock Company al die wêreldleier in die vervaardiging van hangslotte en sekuriteitsprodukte. Hulle verskaf 'n wye reeks innoverende sekuriteit-, kluis- en veiligheidsoplossings vir gebruikers, kommersiële en industriële eindgebruikers.

IB McIntyre & Co. is die enigste invoerder van Master Lock-produkte in Suid-Afrika.

Vir meer inligting oor Master Lock se Edge-sleutelbeheersisteem, kontak die Suid-Afrikaanse span direk vir 'n konsultasie en evaluasie van jou sekuriteitsbehoefte by info@mackiediy.co.za of skakel hulle by 021 508 1250.

Om Master Lock-produkte te bestel by IB McIntyre & Co., besoek hul webblad by www.mackiediy.co.za

Vir meer inligting oor die Master Lock-eeufeesvieringe, besoek www.masterlock.com

Edge™ CYLINDER CROSS SECTION



Met 'n sleutelgebasseerde (sluit)stelsel, is dit uifters belangrik dat 'n sleutel kontrole-program in plek is.